Deuteronomium –

God se verbond en ons antwoord



Sleutelvers: Deut. 6:5~6

"Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees." (AFR 53).



Agtergrond

- Wanneer: 1400 v.C.
- Skrywer: Moses
- Aan wie: Nuwe geslag Israeliete
- Doel: Herbevestiging van die verbond
- Kern: Liefde en gehoorsaamheid

Raamwerk:

I. Die herinnering aan Israel se reise in die woestyn (hfst. 1–4)

II. Die herhaling van God se wette (hfst, 5–26)

III. Seëninge, vloeke en verbondshernuwing (hfst. 27–30)

IV. Moses se afskeidswoorde aan Israel (hfst. 31–34).



Deuteronomium

- Vyfde en afsluitende boek van die Pentateug.
- Dien as ‘n teologiese samevatting van die wet en verbond tussen God en Israel
- Speel af op die vlaktes van Moab, net voor Israel die Beloofde Land binnegaan
- Bestaan hoofsaaklik uit Moses se toesprake aan ’n nuwe geslag Israeliete.
- Hierdie geslag staan op die drumpel van ’n nuwe fase in hulle geskiedenis.


Mediterranean Sea
Dead Sea
Moab Plains
Egypt
Promised Land
Edom
N
W
E

Betekenis van die Naam Deuteronomium

- Afgelei van die Griekse Deuteronomium, wat ‘tweede wet” beteken.
- Dui nie op 'n nuwe of ander wet nie.
- Verwys na 'n herhaling, verdieping en toepassing van die wet wat, reeds by Sinai gegee is.
- Moses roep die volk op om die wet nie net te onthou nie, maar dit innerlik te omhels.
- Beklemtoon die noodsaaklikheid om die wet konsekwent uit te leef in die alledaagse werklikheid van die beloofde land.

Tematiese Fokus

- Die verbond tussen God en sy volk is die kern van die boek.
- Die Shema herinner: “Hoor, Israel, die HERE onse God is ’n enige HERE.” (Deut 6:4, AFR 53).
- Gehoorsaamheid tot God is ’n manier om dankbaarheid te wys, en nie ’n koue of streng rëëlstelsel nie.
- Verbondstrou word sigbaar wanneer mense regverdig en barmhartig optree teenoor ander.



Die Teologiese betekenis van Deuteronomium.

- Die boek help om die oorgang te verstaan tussen Israel se reis in die woestyn en hulle vestiging in die beloofde land.
- Dit gee ’n basis vir die res van die Bybel veral met betrekking tot die boodskappe van die Historiese en Profetiese boeke.
- Dit wys dat Israel se identiteit nie afhang van plek of politiek nie, maar van hulle verhouding met God.
- Dit beklemtoon dat hulle ware identiteit geestelik is.

Redes vir die Skrywe van Deuteronomium.

- **1. Historiese doel:**
  - Gee 'n hersiening van Israel se geskiedenis en die verbond met God.
  - Moses herinner die nuwe geslag aan die uittog, die woestynreis en die ontvangs van die wet.
  - Hierdie herinnering is nie net geskiedenis nie, maar geestelike lesse vir die toekoms.
  - Beklemtoon God se trou en genade, selfs wanneer Israel ongehoorsaam was.

2. Geestelike doel

- Gee instruksies oor hoe Israel in die Beloofde Land moet leef.
- Sluit seëninge en vloeke in wat afhang van gehoorsaamheid.
- Beklemtoon dat gehoorsaamheid die sleutel is tot God se volhoubare seën.

